



AKADEMIA  
AD FUTURUM PER FONTES

# Begronding

*Deur prof. Danie Goosen – Akademiese hoof*

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienuommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienuommer: 2011/HE08/005.

# Inhoudsopgawe

---

1. Inleidende opmerkings	3
2. Die hedendaagse globale universiteitswese	3
3. Spesifieke universitêre uitdagings	6
3.1. Die sentralistiese staat	6
3.2. Universitêre Afrikaans	7
3.3. Ideologiese uitgangspunte	7
3.3.1. 'n Progressiewe opvatting van tyd	7
3.3.2. Die relativisme, konstruktivisme en instrumentalisme	8
3.3.3. Hiper-individualistiese mensbeskouing	9
3.3.4. Opleiding en verbrokkeling	9
3.3.5. Die burokratisering van die universiteitswese	10
3.3.6. Radikale sekularisme	10
4. Akademia	11
4.1. 'n Christelike hoërondewysinstelling	11
4.2. Klassieke universiteitswese: die ware, die goeie en die skone	12
4.3. Afrikaans	13
4.4. Gemeenskapsuniversiteit	13
4.5. Private hoërondewysinstelling	14
4.6. Uitnemende professionele en beroepsgerigte opleiding	14
4.7. Die klassieke ideaal van opvoeding	14
4.8. Navorsing en dosering	15
4.9. Kultuur van openheid en die rol van die vraag	15
4.10. Instellingsargitektuur	15

### 1. Inleidende opmerkings

Wat is die aard en wese van Akademia? Wat is die vertrekpunte en oogmerke, die uitgangspunte en doelwitte? Geformuleer in die taal van die klassieke denke: wat is die *eidos* (wese) en die *telos* (doel) van Akademia?

In hierdie dokument word op 'n kernagtige wyse by hierdie vrae stilgestaan. Alhoewel dit nie 'n volledige antwoord op genoemde vrae is nie, bied dit nogtans enkele belangrike riglyne. Ter wille daarvan om die wese en doel van Akademia te verstaan, word in die eerste twee afdelings stilgestaan by enkele belangrike tendense in en uitdaginge van die hedendaagse globale universiteitswese.

Alhoewel 'n Afrikaanse hoëronderrysinstelling soos Akademia met unieke uitdaginge te doen het (soos, onder andere, die druk op Afrikaans as universitêre taal; 'n onsimpatieke politieke klimaat), kan hy nie in isolasie van dié globale tendense en uitdaginge verstaan word nie. Akademia is in menige opsigte 'n antwoord op die uitdaginge.

Teen die agtergrond van genoemde bespreking sal in die laaste afdeling by enkele wesenseienskappe van Akademia stilgestaan word. Alhoewel dit eienskappe is wat Akademia 'n unieke stem binne die Suid-Afrikaanse universiteitswese gee, is dit tegelyk eienskappe wat Akademia met enkele vooraanstaande universiteite in die Westerse wêreld deel. In hierdie verband kan veral verwys word na die voorbeeld van die sogenaamde klassieke opvoedingsuniversiteite in onder meer die VSA. Akademia sluit met betrekking tot sy ideaal van opvoeding by die voorbeeld van dié hoëronderrysinstelling aan.

### 2. Die hedendaagse globale universiteitswese

Ter inleiding tot 'n bespreking van die hedendaagse globale universiteitswese moet enkele opmerkings oor die klassieke akademiese en die Middeleeuse universiteitswese gemaak word. Die oorsprong van die universiteitswese kan na die Akademie teruggevoer word wat Plato in die vierde eeu v.C. in die destydse Athene gestig het. Alhoewel die universiteitswese oor die eeue verskeie veranderinge ondergaan het, het 'n belangrike eienskap van die ou Akademie in die moderne universiteitswese behoue gebly. Hedendaagse universiteite wat by die klassieke opvoedingsideaal aansluit, word vandag steeds daardeur gekenmerk. Die Atheense Akademie van Plato (en die latere Lyceum wat sy student, Aristoteles, opgerig het) het 'n belangrike plek aan opvoeding (*paideia*) en in die besonder die ideaal van die "opgevoede mens" gegee. Maar wat is 'n opgevoede mens? Volgens die ou Akademie was 'n opgevoede mens nie net iemand wat insig in en kennis van die verskillende deelaspekte van die werklikheid getoon het nie (onder meer die materiële, lewendende, rasonale en geestelike aspekte van die werklikheid), maar wat ook 'n insig in die geheel van dinge (onderlinge samehang) getoon het.

Volgens die klassieke denke was   mens wat insig in die geheel van dinge getoon het   wyse mens. So   persoon is deur wysheid (sophia) gekenmerk. In die wesenlike sin van die woord was die doel van skoling aan die Akademie om wysheid te bevorder (en nie net kennis van die verskillende deelassekte van die werklikheid nie).

Ook die Middeleeuse universiteite, wat uit die Christelike kerk gebore is, is deur die klassieke ideaal van opvoeding en wysheid gekenmerk. Thomas Aquinas, die bekende teoloog en filosoof uit die dertiende eeu, het dit kernagtig saamgevat toe hy geskryf het dat die opgevoede mens sigself vir die ganse werklikheid (en die wonder daarvan) oopstel.   Opgevoede mens het insig in die gemeenskap van dinge, die *convenire cum omni ente*.

Tydens die era van die moderne universiteite in Europa het universiteite   belangrike plek aan opvoeding (vorming of *Bildung*) toegeken. In aansluiting by die klassieke opvoedingsideaal van *paideia*, is   opgevoede (gevormde of gebildete) mens deur die Von Humboldt-universiteit in Berlyn beskou as iemand wat nie net   gespesialiseerde opleiding binne   bepaalde vakgebied (chemie, fisika, ekonomie, politiek, geskiedenis, ensovoorts) ontvang het nie.   Opgevoede mens is ook beskou as iemand wat insig toon in die interdissiplin re samehang tussen vakgebiede.

Kortom, ook aan die moderne universiteitswese het die klassieke en die Middeleeuse ideaal van opvoeding en wysheid voortgeleef. So het die moderne universiteitswese daarvoor gesorg dat die ou erfenis, ondanks groot historiese omwentelinge, aan die jeug oorgedra word. Alhoewel verskeie universiteite vandag nog tot die ideaal van opvoeding verbind is, het daar tydens die afgelope dekades by talle universiteite dwarsoor die w reld   dramatiese verandering ingetree. Ons staan vandag nog midde in di  verandering.

Ingevolge hul oogmerke word verskeie globale universiteite vandag deur   eensydige klem op gespesialiseerde opleiding gekenmerk. Dit gaan met   verlies aan die klassieke opvoedingsideaal, en in die besonder die ideaal van insig in die samehang tussen die verskillende dissiplines, gepaard. In die plek van die ou ideaal van wysheid tree nou eerder slegs gespesialiseerde vakkennis na vore.

In aansluiting by verskeie kommentators van die globale w reld kan ges  word dat die klassieke vraag na die "wat" van die dinge ("wat is materie?"; "wat is lewe?"; "wat is die mens?", ensovoorts) toenemend plek maak vir die vraag na die "hoe" van die dinge ("hoe funksioneer die ekonomie?"; "hoe kan die burokratiese orde geoptimaliseer word?"; "hoe kan mag verwerf word?", ensovoorts). Die implikasie hiervan is omvattend: Terwyl die "wat?"-vraag die vraesteller lei om insig in die geheel van dinge (soos die geheel van die materi le, lewende en geestelike werklikheid) te verwerf, lei die eensydige klem op die "hoe?"-vraag daartoe dat slegs die funksionele beklemtoon word.

As die skadukant van die klem op die funksionele word die globale universiteitswese vandag tegelyk deur 'n hiperpolitieke voorskriftelikheid ("wokeness") gekenmerk. Standpunte wat nie ooreenstem met bepaalde politieke en moralistiese oortuigings nie word toenemend aan sensuur onderwerp. Die polities korrekte tendens aan die globale universiteitswese lei egter nie tot 'n herstel van die opvoedingsideaal nie, maar verteenwoordig eerder die teenkant van dieselfde tendens tot verskraling en spesialisering.

As gevolg van genoemde fokusverskuiwings by talle vooraanstaande universiteite in die wêreld, word daar tans op 'n indringende wyse vrae oor die toekoms van die universiteitswese gevra. Verwysings na die "einde van die universiteit" kom gereeld by universiteitsbestuur, akademici en studente voor. "Het die universiteitswese hoegenaamd nog 'n bestaansreg as dit nie meer deur die klassieke opvoedingsideale gekenmerk word nie?", word gevra. "Het dit nog 'n bestaansreg as dit die ideaal van wysheid prysgee en uitsluitlik klem op die funksionele en die polities korrekte plaas?"

Te midde van hierdie onsekerheid oor die toekoms van die universiteitswese word daar egter vanuit onder meer die sogenaamde klassieke opvoedingsuniversiteite (vandag ook bekend as "gemeenskapsuniversiteite") opnuut aansluiting by die klassieke, Middeleeuse en Moderne universiteitswese opgesoek. Sonder om die groot historiese omwentelinge vanaf die vroeë tye te ontken, voer hierdie universiteite aan dat die ideaal van opvoeding vandag – miskien selfs meer as in die verlede – 'n belangrike plek aan die universiteitswese moet beklee.

Te midde van die eensydige klem op dinge soos burokratiese funksionaliteit en polities korrekte moraliteit (en die kulturele versplintering wat dit tot gevolg het), het dit vir universiteite noodsaaklik geword om na hulle oorsprong in die ideaal van opvoeding terug te keer. Boonop moet dit op skeppende wyses binne 'n nuwe historiese konteks toegeëien word. Slegs deur weer 'n sin vir die geheel te kultiveer, word deur gemeenskapsuniversiteite aangevoer, kan die kulturele versplintering oorkom en die voorwaardes vir 'n egte menslike bestaan neergelê word.

In die hart van die oproep uit die gelede van die klassieke opvoedingsuniversiteite staan die strewe om 'n balans tussen onderskeidelik uitnemende opleiding en opvoeding te bewerkstellig. Uitnemende opleiding is van die allergrootste belang om studente vir die arbeidswêreld voor te berei. 'n Deeglike opvoeding is eweneens noodsaaklik. Laasgenoemde staan nie in spanning met opleiding nie. Inteendeel, studente wat 'n goeie begroning in die ideale van opvoeding ontvang, word des te beter vir die arbeidswêreld voorberei.

Dat hierdie oproep tot balans nie maar net leë aansprake verteenwoordig nie blyk uit die feit dat verskeie klassieke opvoedingsuniversiteite vandag ingevolge dosering, navorsing en bestuur as reusesuksesse beskryf kan word. Akademia sluit by die voorbeeld van hierdie universiteite aan. Alvorens hieronder egter by die antwoord wat Akademia verteenwoordig stilgestaan word, moet egter in groter detail na die uitdagings van die hedendaagse universiteitswese verwys word. Die aard en wese van Akademia moet teen die agtergrond daarvan verstaan word. Ten diepste is Akademia ō antwoord op dié uitdagings.

### 3. Spesifieke universitêre uitdagings

#### 3.1 Die sentralistiese staat

Dwarsoor die Westerse wêreld word universiteite gekenmerk deur die invloed van en onderhorigheid aan die voorskrifte van sentralistiese state. Universiteite het instrumente in die hande van state en die imperatiewe van staatlike burokrasieë geword. In Suid-Afrika blyk dit onder meer uit die feit dat die staat, en in die besonder die regerende elite, weinig blyke toon vir die begeerte van die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskap om op ō relatief selfstandige wyse (onder meer gegrond op die beginsel van subsidiariteit) oor eie gemeenskapsinstellings soos universiteite en skole te beskik.

Afrikaanse universiteite, wat aanvanklik vanuit en vir die gemeenskap gestig is, word deur die staat toegeëien en vir oogmerke soos "transformasie", "inklusiwiteit" en "dekolonisering" ingespan. In die proses word akademiese personeel van bo af aangestel, die oogmerke van navorsing eensydig voor-geskryf, en die inhoud van kursusse in ooreenstemming met die ideologiese voorkeure van die regerende elite gebring.

*Die feit dat die betekenis van ideologiese gelaaiete begrippe soos "transformasie", "inklusiwiteit" en "dekolonisering" nie vir interne kritiek en nuansering oopgestel word nie, onderstreep die eensydige aard van genoemde projek.*

### 3.2 Universitêre Afrikaans

As gevolg van die voorskriftelikheid van die staatlike orde word 'n waardevolle kultuurskat soos universitêre Afrikaans uit bestaande universiteite gedryf en gemarginaliseer – alles in die naam van 'n ongedifferensieerde opvatting van inklusiwiteit. As gevolg daarvan word bestaande universiteite eentalig (eerder as veeltalig, soos wat tydens die groot oorgang van 1994 aan die Afrikaanssprekende wêreld belowe is).

*'n Gedifferensieerde opvatting van inklusiwiteit is teoreties gegrond in die gedagte dat die staatlike orde as 'n "gemeenskap van gemeenskappe" verstaan kan word. Dit wil sê as 'n gemeenskap wat ruimte vir die veelheid van taal- en kultuurgemeenskappe skep om met betrekking tot die onderwys so 'n groot as moontlike inspraak in die definiëring en bestuur daarvan te hê. Volgens die heersende ongedifferensieerde opvatting van inklusiwiteit word alle gesag egter vanuit die sentrum en ten koste van die veelheid van gemeenskappe deurgevoer.*

### 3.3 Ideologiese uitgangspunte

Verskeie ideologiese uitgangspunte kenmerk die hedendaagse universiteitswese. Ter wille van ruimte beperk ons onself tot slegs die volgende sake:

#### 3.3.1 'n Progressiewe opvatting van tyd

'n Reglynig-progressiewe beeld op die geskiedenis word by talle universiteite as normatief aanvaar. Ingevolge hierdie beeld op die geskiedenis word die verlede met die bose geïdentifiseer, terwyl die toekoms sonder meer as die goeie voorgestel word. Nog nader geformuleer, ingevolge die reglynige opvatting van tyd aan universiteite word die Westerse kultuurerfenis sonder meer as gewelddadig, rassisties en kolonialisties verstaan, terwyl 'n toekoms sonder dié bose verskynsels as nastrewenswaardig voorgehou word.

John Gray, 'n vooraanstaande liberale intellektueel, bevestig die belangrike plek wat vandag aan die progressiewe opvatting van die geskiedenis toegeken word as hy in *The New Statesman* skryf: "In a pervasive modern view, which seems to most people so obviously true that they can think in no other way, the past is a burden that must be shed in order that a new kind of life can come into being" (16 Oktober 2017).

'n Belangrike gevolg van die progressiewe "afskied van die ou bronne" (die tradisie) is dat 'n belangrike oogmerk van die universiteite, naamlik dat hulle tussen die verlede en die toekoms sal bemiddel, verlore gaan.

In plaas daarvan om tussen toe en wat kan wees te bemiddel, plaas universiteite eerder die klem op die opleidingsbehoefte van die oomblik. Nog nader geformuleer, 'n belangrike gevolg van die progressiewe opvatting van tyd is dat die opvoedingsideaal aan universiteite onderspeel en selfs verdring word.

Opvoeding aan gemeenskapsuniversiteite geskied in en deur die verwysings na en aansluiting by die "voorbeelde van wysheid" uit die verlede (soos die groot boeke uit die Westerse kanon).

Indien die verlede egter in sy geheel gekriminaliseer word, word die universiteite van dié voorbeelde ontnem. Die uiteindelijke gevolg is dat die historiese perspektief van hedendaagse universiteite tot die oomblik ingekort en alle klem slegs op opleiding geplaas word.

### 3.3.2 Die relativisme, konstruktivisme en instrumentalisme

Ingevolge heersende ideologiese opvattinge aan die globale universiteitswese is daar nie iets soos ewige, vasstaande of onveranderlike waarhede nie. Voortaan word die werklikheid eerder deur sy veranderlikheid, buigbaarheid en toevalligheid gekenmerk. Indien daar nog van iets soos 'n werklikheid sprake is, is dit bloot die gevolg van 'n kunsmatige konstruksie wat die mens uit instrumentele oorwegings en ter wille van die bevrediging van sy of haar oneindige hoeveelheid behoeftes self gemaak of geskep het.

Selfs fyner gestel, in die verlede is die werklikheid self deur die sogenaamde drie transendentalia gekenmerk, te wete deur waarheid, goedheid en skoonheid. Teen die agtergrond van bogenoemde ideologiese tendense word die ou eienskappe van die werklikheid egter tot 'n blote funksie van die wetenskaplike self gereduseer. Waarheid, goedheid en skoonheid word 'n blote funksie van sy of haar subjektiewe oordeel. Of soos wat dit in die gewone omgangstaal geformuleer word, "beauty exists [only] in the eye of the beholder". Skoonheid (maar ook waarheid en goedheid) kan voortaan geensins op 'n eie objektiewe bestaan aanspraak maak nie.

In die wesenlike sin van die woord moet die afwesigheid van die wysheidsideaal aan hedendaagse universiteite in genoemde ideologiese uitgangspunte opgesoek word. Wysheid het in die verlede verband gehou met die strewe na insig in die waarheid, goedheid en skoonheid van die werklikheid. Indien laasgenoemde eienskappe van die werklikheid egter 'n blote funksie van die subjek self word, verval die strewe na wysheid en word dit met magsug oor 'n nou leë werklikheid vervang.

Teen die agtergrond hiervan is dit ook geen wonder dat hedendaagse universiteite soveel klem op opleiding (verskraal tot 'n kwessie van beheer oor en bestuur van 'n leë werklikheid) plaas nie.



Opvoeding in die klassieke sin van die woord kan slegs gebeur indien die objektiwiteit van die werklikheid erken en gevier word. Vanweë h afwesige werklikheid word alles aan universiteite inderdaad tot h kwessie van burokratiese sukses, instrumentele funksionaliteit en beheer vereng.

### 3.3.3 Hiperindividualistiese mensbeskouing

Ten grondslag van die hedendaagse universiteitswese lê h bepaalde opvatting van wie en wat die mens is. Dit is h opvatting wat uitgaan van die gedagte dat die mens uitsluitlik h individu is wat slegs sy of haar eie belange najaag. Ingevolge hierdie opvatting van die mens staan hy of sy per definisie los van enige gemeenskapsverbintenis (gesin, kultuur, taal, godsdiens, ensovoorts) wat vooraf aan die individu gegee is. Indien die individu hoegenaamd tot enige gemeenskap behoort, is sodanige gemeenskap bloot die gevolg van die vrye keuse wat die individu self uitoefen.

Ingevolge hierdie mensbeskouing word enige aanspraak wat die veelheid van gemeenskappe op die mens maak, ervaar as h hindernis wat die keusevryheid van die individu aan bande lê. Teen hierdie agtergrond is dit ook nie vreemd nie dat talle hedendaagse universiteite in die globale wêreld hulleself daarop toespits om die belange van die alleenstaande en verbruikende individu te dien eerder as om h gemeenskaplike kultuur en taal op h kritiese en steeds hervormende wyse aan volgende geslagte oor te dra.

Kortom, omdat die klem oordrewe op die individu val, fokus die hedendaagse universiteit nie op die individu in sy of haar onbreekbare samehang met h veelheid van gemeenskappe nie. As gevolg hiervan gaan h wesentlike fokus van universiteite verlore, naamlik om op h kritiese en selfondersoekende wyse bepaalde gemeenskappe te dien. Nog meer, as gevolg hiervan ontnem universiteite hulself die voorreg om die ideaal van opvoeding – wat uit die bronne van gemeenskaplike tradisies gevoed word – aktief toe te eien en in die hart van die universiteitswese te plaas. Slegs opleiding met die oog op die behoeftebevrediging van individuele belange staan voorop.

### 3.3.4 Opleiding en verbrokkeling

Hierbo is reeds verwys na die hedendaagse klem aan universiteite op opleiding ten koste van die klassieke opvoedingsideaal. Waarna nie hierbo verwys is nie, is die feit dat die eensydige klem op opleiding gepaard gaan met h verbrokkeling van die ou dissiplines (sowel binne as tussen die veelheid van dissiplines). Universiteite het vroeër die gedagte van die universele, of die geheel van dit wat is, omhels. h Kultivering van h sin vir die universele het universiteite gekenmerk – nogmaals, die ideaal van wysheid is daarin gegrond.

Hedendaagse universiteite neig daartoe om hulself vandag eerder as multiversiteite te verstaan. Dit wil sê universiteite waarin die gedagte van die geheel prysgegee en met 'n losstaande, en selfgefragmenteerde, veelheid van dissiplines vervang word. Dit is betekenisvol dat die multiversitêre omgewing dikwels nie sigself met die toestand van fragmentering versoen nie.

Dit blyk die afgelope dekades uit die poging om hierdie fragmentasie deur 'n interdissiplinêre aanslag te oorkom. Omdat die rigtinggewende idee van 'n samehangende geheel wat die veelheid onderlê egter ontbreek, is talle pogings om samehang by wyse van interdissiplinariteit te skep by voorbaat reeds tot mislukking gedoem. In plaas daarvan om die fragmentasie te oorkom, word dit eerder bevestig.

### 3.3.5 Die burokratisering van die universiteitswese

Geen universiteit kan sonder 'n goeie bestuur bestaan nie. Nogtans is die behoefte aan en noodsaak vir goeie bestuur nie die oorheersende kenmerk van die universiteitswese nie. Hierdie bestuur moet steeds die ideale van die universiteit dien, eerder as om self die doel van die universiteitswese te wees.

Vanweë 'n magdom historiese redes het besture aan universiteite die afgelope dekades hulself egter van die tradisionele oogmerke geïsoleer en 'n doel opsigself geword. Laasgenoemde vind nie net uitdrukking in die steeds groterwordende burokrasieë aan universiteite nie, maar ook in die "kenteoretiese" grondslae van universiteite: kennis self word met instrumentele, funksionele en burokratiese prosesse verwar.

In aansluiting by en ter ondersteuning van die sentralistiese staat, tree die groeiende burokrasieë toenemend in 'n voorskrytelike verhouding teenoor akademië en die akademiese lewe in die algemeen. Saam met bogenoemde faktore lei ook die burokratisering van die hedendaagse universiteit tot 'n toenemende klem op opleiding en die blote instrumentele waarde van dosering en navorsing (ten koste van opvoeding, 'n krities-dialogiese etos en die noodsaak van kulturele oordrag tussen verlede en toekoms).

### 3.3.6 Radikale sekularisme

Histories gesproke is die Europese universiteitswese deur die Christelike kerk moontlik gemaak. Europese universiteite het hulself oor eeue vanuit en gegrond in die waarhede van die Christelike geloof verstaan. In aansluiting hierby het van die mees vooraanstaande universiteite God as die uitgangspunt van die universitêre lewe beskou. As gevolg daarvan het ou universiteite nie 'n onoorbrugbare kloof tussen geloof en rede gehandhaaf nie. Geloof en rede het mekaar eerder onderling aangevul. Trouens, volgens ou universiteitswese het die Christelike opvatting van die werklikheid, die werklikheid as skepping, juis tot die ontwikkeling van die rasonale denke aanleiding gegee.

Dit het gebeur omdat die skepping nie as 'n duistere en daarom onkenbare afgrond ervaar is nie, maar eerder as iets wat ten diepste deur goedheid, waarheid en skoonheid gekenmerk word – eienskappe van die werklikheid wat die denke as't ware uitnooi om na die aard van die skepping te vra.

Die hedendaagse universiteitswese word daarenteen gekenmerk deur pogings om met die godsdienstige grondslae van die ou universiteitswese weg te doen en universiteite op 'n suiwer sekulêre grondslag te plaas. Kenmerkend van die sekulêre universiteite is dat dit 'n onoorbrugbare kloof tussen geloof en rede handhaaf. Dit gaan met 'n radikale verskraling van sowel die denke as die geloof gepaard.

Onderliggend aan die splitsing tussen geloof en rede lê die opvatting dat die skepping self nie deur dinge soos goedheid, waarheid en skoonheid gekenmerk word nie. Ingevolge sekulêre uitgangspunte word die werklikheid eerder deur blinde toeval, irrasionaliteit en die onbegrensde strewe na mag gekenmerk.

'n Belangrike gevolg hiervan is dat die denke, en in die besonder kennis, tot 'n instrument verskraal word met behulp waarvan mag oor die toevallige en irrasionale werklikheid uitgeoefen kan word. As sodanig staan dit in skille teenstelling met die klassieke Westerse tradisie, wat die denke vanuit sy gerig-wees-op en verwonderde oopstaan-voor die goeie, ware en skone skepping verstaan.

Bogenoemde opmerkings bring ons oplaas by die aard en wese van Akademia. Ons gaan deurgaans uit van die standpunt dat Akademia ingevolge sy selfverstaan (sy wese en doel) 'n antwoord op bogenoemde uitdaginge wil wees.

## 4. Akademia

Akademia se leuse is *ad futurum per fontes*. Daarin word die wese en doel van Akademia bondig saamgevat. In en deur sy aansluiting by die bronne vanuit die klassieke universiteitswese is Akademia tegelyk 'n toekomsgerigte universiteit.

Ten grondslag van hierdie Latynsbewoorde visie lê die gedagte dat die verlede en die toekoms nie soos in die reglynige opvatting van die geskiedenis in spanning met mekaar staan nie. Inteendeel, Akademia gaan uit van die gedagte dat aansluiting by die ou bronne juis die voorwaarde is vir 'n betekenisvolle gerigtheid op die toekoms. Die bronne waarby Akademia aansluit (en wat hom in staat stel om 'n toekomsgerigte universiteit te wees), word in die volgende paragraaf aan die orde gestel.

### 4.1 'n Christelike hoëronderwysinstelling

Akademia is 'n Christelike hoëronderwysinstelling wat op 'n oop, onbevange en kritiese wyse 'n rigtinggewende rol binne die hedendaagse universiteitswese speel. As Christelike instelling gaan Akademia uit van sentrale plekke wat "skepping", "verlossing" en "voorsienigheid" in die geheel van dinge beklee:

- i. Akademia aanvaar dat die werklikheid deur God geskep is en dat die skepping daarom ook ten diepste deur sy waarheid, goedheid en skoonheid gekenmerk word;
- ii. Akademia aanvaar dat die diepste bedoeling van die skepping in Christus, die lewende Woord, openbaar word; en
- iii. dat die skepping deur die voorsienigheid van God (onder meer bemiddel deur die goeie skeppingsorde) onderhou word.

Vanuit Christelike vertrekpunte aanvaar Akademia dat die skepping self nie 'n irrasionele en ontoeganklike werklikheid is nie, maar dat dit in beginsel vir die denke toeganklik is, sonder dat die denke 'n volledige greep daarop kan verwerf. Tegelyk aanvaar Akademia dat die denke ingevolge sy eie dieperliggende beweging na begrip van die skeppingswerklikheid uitreik. Werklikheid en denke staan met ander woorde nie op 'n uitsluitende en gespanne voet teenoor mekaar nie. Inteendeel, werklikheid en denke is wedersyds op mekaar aangewese.

In aansluiting hierby aanvaar Akademia dat daar nie 'n onoorbrugbare kloof tussen geloof en rede bestaan nie. Geloof en rede is eerder wedersyds van mekaar afhanklik. Indien geloof en rede van mekaar geskei word (soos wat aan die sekulêre universiteitswese gebeur), word beide in hul eie integriteit benadeel. Sonder geloof word die rede tot 'n blote instrument van burokratiese beheer en magsuitoefening verskraal. Sonder die rede verskraal die geloof op sy beurt tot 'n irrasionele sprong in die duisternis.

Beide hierdie moontlikhede – sowel die instrumentalistiese opvatting van die rede as 'n fideïstiese opvatting van die geloof – is reduksies wat deur die sekulêre denke moontlik gemaak word. Vanweë sy klem op die samehang tussen geloof en rede verteenwoordig Akademia daarenteen juis 'n antwoord op die geestelike, kulturele en sosiale uitdagings van die sekulêre wêreld.

### ***4.2 Klassieke universiteitswese: die ware, die goeie en die skone***

Akademia is tot die ideale van die klassieke universiteitswese verbind soos wat dit vanuit die klassieke Griekeland en die Middeleeue gevorm en binne die moderne Westerse universiteitswese gestalte gekry het. Tot die wese van die klassieke universiteitswese staan die gedagte dat die denke tot sy reg kom wanneer dit oop en ontvanklik vir die wonder van die werklikheid as geheel is en dit op 'n krities-dialogiese wyse na die aard en wese daarvan vra.

In die besonder word Akademia, in aansluiting by die klassieke universiteitswese, gekenmerk deur sy gerig-wees-op die sogenaamde drie transendentalia, of eienskappe van die verwonderde werklikheid, naamlik sy waarheid, goedheid en skoonheid. Ten diepste word Akademia in sowel sy dosering as sy navorsing gelei deur die vraag of soeke na die waarheid, goedheid en skoonheid van die werklikheid.

As sodanig verteenwoordig Akademia h̄ alternatief op dié tendense aan hedendaagse universiteite ingevolge waarvan met genoemde eienskappe van die werklikheid weggedoen en alles (ingevolge sy relativistiese, instrumentalistiese en konstruktivistiese uitgangspunte) tot h̄ blote effek, maaksel of konstruk van die subjek gereduseer word.

### **4.3 Afrikaans**

Akademia is h̄ Afrikaanse hoëronderwysinstelling. Akademia bied met ander woorde sowel sy dosering as sy navorsing in een van die mees ontwikkelde universitêre tale van die moderne era aan.

Die klem wat Akademia op Afrikaans plaas, beteken nie dat hy blind is vir die belangrikheid van ander tale nie. Inteendeel, Akademia is bewus van die noodsaak om ook studente vir die veeltalige werkplek voor te berei.

Akademia gaan met woorde uit van die gedagte dat h̄ voorkeur vir die eie moedertaal nie in spanning met die ander tale staan nie. Inteendeel, in en deur die eie moedertaal word studente in staat gestel om uiteindelik ook ander tale te bemeester en daarin te presteer. Die akademiese en andersoortige prestasies wat talle Afrikaanssprekendes met h̄ opleiding aan h̄ Afrikaanse instelling op die verhoë van die internasionale wêreld behaal, is h̄ oorvloedige bewys hiervan. As sodanig verteenwoordig Akademia h̄ hoopgewende alternatief vir Afrikaanssprekendes binne die Suid-Afrikaanse universiteitswese.

### **4.4 Gemeenskapsuniversiteit**

Akademia is h̄ gemeenskapsuniversiteit wat, in aansluiting by die voorbeeld van vooraanstaande gemeenskapsuniversiteite elders in die wêreld, daarop gerig is om die universitêre ideale van h̄ spesifieke taal- en kultuurgemeenskap te dien. As gemeenskapsinstelling ontken Akademia egter nie die belangrikheid van die skeppende, verbeeldingryke en denkende individu nie.

Akademia gaan eerder van die standpunt uit dat die individu en gemeenskap wedersyds afhanklik is. Soos wat individue gesonde gemeenskapsuniversiteite nodig het om as individue te kan floreer, so het gemeenskappe ook gesonde individue nodig om as gemeenskappe steeds oop, dinamiese en toekomsgerigte kragte te wees.

As gemeenskapsinstelling strewende Akademia daarna om goeie verhoudinge en wedersydse samewerking met universiteite in Suid-Afrika en elders in die universitêre wêreld te handhaaf. Akademia aanvaar dat die konsepte van "gemeenskap" en "globaal" (net soos gemeenskap en individu) nie in spanning met mekaar staan nie. Inteendeel, die eie gemeenskapsuniversiteite en die globale universiteite moet eerder in hul onderlinge samehang raakgesien word.

Sonder goeie skakeling met universiteite in die globale wêreld loop gemeenskapsuniversiteite die risiko om in hulself opgesluit te word, maar sonder gemeenskapsuniversiteite wat hulself op spesifieke gemeenskappe toespits, loop die akademiese lewe die risiko om in 'n abstrakte en lewelose algemeenheid vas te val.

### **4.5 Private hoëronderwysinstelling**

Akademia is 'n private hoëronderwysinstelling. As sodanig is dit nie van die staat en sy veelheid van filiale en heersende politieke neigings tot die sentralisering van mag afhanklik nie. As private instansie is dit eerder van die steun van die Afrikaanssprekende gemeenskap self afhanklik. In vele opsigte is die eie taal- en kultuurgemeenskap die lewensare waarsonder 'n gemeenskapsinstelling soos Akademia nie kan bestaan nie.

Assodanighou Akademia vol met die tradisie van die voormalige Afrikaanse universiteite, wat bykans sonder uitsondering uit en ten gunste van die eie gemeenskap gestig is. Akademia word met behulp van die beste moontlike praktyke binne die konteks van die vrye mark bestuur – dit alles sonder om die akademiese etos eie aan Akademia uitsluitlik aan die eise van die mark te meet. Alhoewel 'n private gemeenskapsinstelling soos Akademia nie buiteom die dissipline van die markmeganismes kan bestaan nie, kan die wese en doel van Akademia ook nie tot dienstigheid aan die mark verskraal word nie.

### **4.6 Uitnemende professionele en beroepsgerigte opleiding**

Akademia is daartoe verbind om op 'n uitnemende wyse aan die behoefte van professionele opleiding te voorsien. Akademia sien toe dat Afrikaanse studente die arbeidsmark in sy veelheid van geledinge suksesvol betree. Ten grondslag van Akademia se verbintenis tot uitnemende opleiding staan sy roepingsbesef – en in die besonder die ideaal dat studente ook in en deur die beroepslewe geroepe sal wees om 'n lig vir die wêreld te wees.

### **4.7 Die klassieke ideaal van opvoeding**

Akademia is eweneens verbind tot die klassieke ideaal van opvoeding soos wat dit in tradisionele universiteitswese na vore getree het. In die hart van die klassieke opvoedingsideaal staan die gedagte dat studente nie net spesialiste binne 'n bepaalde dissipline sal wees nie, maar dat hulle tegelyk insig in die geheel van dinge sal hê. Ingevolge die klassieke opvoedingsideaal word dié insig met die strewe na wysheid geïdentifiseer. Akademia stel ook ondersoek in na wyses waarop die sogenaamde groot boeke-tradisie uit die Westerse letterkunde, geskiedenis, teologie, filosofie, ekonomie, wiskunde, fisika en chemie 'n integrale plek in sy taak as opvoedingsuniversiteit sal inneem. Laasgenoemde word onderlê deur die verwagting dat opleiding en opvoeding vanaf die grondfase gelyktydig en met toenemende klem op spesialisering en beroepsgerigtheid sal geskied.

### 4.8 *Navorsing en dosering*

Universiteite wêreldwyd word gekenmerk deur 'n spanning tussen navorsing (die teoretiese werk van universiteite) en dosering (die praktiese werk van universiteite). Navorsing word toenemend 'n selfstandige rol toegeken, met die gevolg dat dosering ten koste van die studente 'n mindere waarde toegeken word. So kom teorie en praktyk op 'n ekstrasieke grondslag los van mekaar te staan.

Akademia is nie net verbind tot uitnemende navorsing en dosering nie, maar ook tot die noodsaak om beide in hul intrinsieke samehang uit te bou en te ontwikkel. By Akademia ondersteun die belangrike werk van navorsing die ewe belangrike werk van dosering.

### 4.9 *Kultuur van openheid en die rol van die vraag*

Ondanks die aansprake van bestaande universiteite dat hulle forums van openheid, verdraagsaamheid en kritiese gesprek is, word hulle ironies genoeg toenemend deur politieke korrekte voorskrifte en ideologies gedrewe programme gekenmerk. Akademia verstaan homself as 'n forum wat 'n onbevange en kritiese gesprek bemiddel en moontlik maak. In die hart van dié oogmerk staan die sentrale rol wat Akademia en dosente aan die vraag in hul dosering toeken.

In aansluiting by gemeenskapsuniversiteite in die VSA soos Baylor Universiteit en Hillsdale Kollege gaan Akademia uit van die gedagte dat die sentrale plek wat die vraag in die dosering beklee 'n belangrike rede is waarom laasgenoemde deur 'n akademiese lewenskragtigheid, 'n sin vir die eksperiment en die avontuurlike soeke na die waarheid gekenmerk word. Kortom, in en deur die sentrale plek wat die vraag beklee en die gesprek wat dit uitlok, oefen die dosering aan Akademia 'n magnetiese krag op die studente uit.

### 4.10 *Instellingsargitektuur*

Akademia gaan uit van die standpunt dat die wyse waarop hy in sy universiteitsargitektuur beliggaam word, nie maar net 'n sekondêre verskynsel is wat as 'n blote aanhangsel tot die wese van die instelling self gesien kan word nie. Inteendeel, net soos wat daar tussen teorie (navorsing) en praktyk (dosering) 'n onbreekbare band bestaan, net so is daar ook 'n onbreekbare band tussen die innerlike (die wese van die universiteit) en die uiterlike (onder meer versinnebeeld deur die argitektuur van die universiteitswese). Akademia strewende daarna om in die toekoms sy wese en doel in die beste moontlike universiteitsargitektuur te beliggaam.